basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WE SUPPORT QUALITY EDUCATION • LOVE, RESPECT AND ACCEPTANCE FOR ALL •

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015**
**GRAAD 7 AFRIKAANS HUISTAAL**
**TOETS**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

| **PUNTE** | |
|---|---|

**PROVINSIE** ____________________

**DISTRIK** ____________________

**KRING** ____________________

**SKOOL** ____________________

**EMIS-NOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 7A)** __________

**VAN** ____________________

**NAAM** ____________________

**GESLAG (✓)**

| **SEUN** | | **DOGTER** | |
|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Die toets bestaan uit 18 bladsye, die buiteblad uitgesluit.**

**Instruksies aan die leerders**

Die onderwyser moet die instruksies voorlees en die oefenvoorbeelde saam met die leerders doen.

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.
3. Waar daar meervoudigekeuse-vrae is, omkring slegs die letter van die korrekte antwoord.
4. Waar daar een woord gevra word, moet slegs die woord neergeskryf word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

**Oefenvoorbeelde**

1. Watter land word deur die Bafana Bafana-sokkerspan verteenwoordig?

   A Australië

   B Suid-Afrika

   C Kameroen

   D Nigerië

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die letter (B) omkring het.

2. Skryf die selfstandige naamwoord in die volgende sin neer.

   Die boek is interessant.

   ___________________

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy "boek" op die lyntjie geskryf het.

3. Gee **twee** redes waarom jy dink dat jy skool hierdie jaar gaan geniet.

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________

   Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy redes soos die volgende in volsinne geskryf het.

   Ek gaan hierdie jaar skool geniet, want my Afrikaans-juffrou is vriendelik.

   Ek sal dit geniet, want ek gaan weer al my vriende sien.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

**Lees die volgende volksverhaal en beantwoord vrae 1-19.**



## WAAROM LEEF SEEKOEIE IN WATER?

Baie lank gelede in Afrika, toe al die diere saam met die Skepper in die bos gewoon het, was dit baie warm en die son het elke dag op die aarde neergebak.

Die diere het baie sterk velle soos ’n pels, vere of skubbe gehad om hulle teen die son te beskerm. Seekoei se vel was nie so sterk nie. Soos hy groter geword het, het sy vel gerek en dunner geraak. Toe hy volwassenheid bereik het, was sy vel so dun dat die son hom maklik gebrand het. Sy vel het uitgedroog en gekraak. Dit het baie pyn en ongemak veroorsaak.

Eendag, toe Seekoei dit nie meer kon verduur nie, het hy na die Skepper toe gegaan en gevra: "Kan ek asseblief in die rivier gaan bly?” Die Skepper het met deernis na Seekoei gekyk en gesê: "Ja my vriend, jy mag, maar soos met alles moet jy eers toestemming by die rivierdiere kry.”

Seekoei het vir Visarend, Krokodil en Otter gevra: "Mag ek asseblief saam met julle in die rivier bly? Kyk na my dun vel! Dit is gebars en baie seer. Die koue water sal vir my groot verligting bring.”

Die rivierdiere was ’n bietjie selfsugtig en ook bekommerd. Nadat hulle daaroor nagedink het, sê hulle vir Seekoei: "Nee, ons kan dit nie toelaat nie! Kyk na jouself! Jy is vreeslik groot en jy sal al die visse in die rivier opvreet. Dan sal daar geen kos vir ons wees nie.”

Seekoei sê vir die rivierdiere: “Julle hoef regtig nie bekommerd te wees nie. Ek eet nie vis nie. Ek sal slegs die gras en die rivierplante eet.”

Die rivierdiere het nog steeds getwyfel en het dit nie geglo nie. Toe sê Seekoei vir hulle: "Ek belowe om elke dag my mond wyd oop te maak, sodat julle kan sien dat daar geen visgrate of skubbe in my mond is nie. Ek sal ook my mis met my stert oopsprei, sodat julle kan sien dat daar nie bene in is nie.”

Dit het die rivierdiere oortuig. Van daardie dag af het die rivierdiere Seekoei toegelaat om in die rivier te bly en Seekoei sal altyd sy mond wyd oopmaak en sy mis met sy stert oopsprei.

[Vertaal en aangepas uit: *African Folktales and Legends* deur G Lee ]

1. Met watter rivierdiere het Seekoei gepraat?

A Krokodil, Vis en Otter
B Krokodil, Vis en Skilpad
C Krokodil, Krap en Visarend
D Krokodil, Visarend en Skilpad (1)

2. Identifiseer die hoofgedagte van die storie.

A Die vis wou nie hê dat die seekoei saam met hulle moes bly nie.
B Die seekoei wou in die rivier swem.
C Baie diere wou in die rivier bly.
D ’n Seekoei wat in die rivier wou bly. (1)

3. Verduidelik die funksie van die aanhalingstekens in die volgende sin:
“Mag ek asseblief by julle kom woon?”

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

4. Identifiseer die onderwerp en die gesegde in die volgende sin.
Sy vel was uitgedroog en gebars.

| Onderwerp | | Gesegde |
|---|---|---|
| A | Sy | vel was uitgedroog en gebars. |
| B | Sy vel | was uitgedroog en gebars. |
| C | Sy vel was uitgedroog | en gebars. |
| D | Sy vel was | uitgedroog en gebars. |

(1)

5. Waarom het Seekoei gevra om in die rivier te woon?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

6. Hoe het die ander rivierdiere daaroor gevoel dat Seekoei saam met hulle woon?

Die rivierdiere was ... om Seekoei in die rivier te hê.

- A bekommerd
- B geskok
- C onvriendelik
- D moedswillig (1)

7. Voeg die korrekte voorvoegsel by die woord “vriendelik” om dit ’n antoniem te maak.

- A oorvriendelik
- B vriendelike
- C onvriendelik
- D vriendeliker (1)

8. Waaroor gaan die storie?

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

9. Waarom kon Seekoei in vrede saam met die ander rivierdiere leef?

____________________________________________________________ (2)

____________________________________________________________

10. Wat beteken die woord “selfsugtig” (reël 16)?

Dit beteken dat die rivierdiere ...

- A Seekoei gehaat het omdat hy baasspelerig was.
- B Seekoei uitgenooi het om saam met hulle te woon.
- C nie bereid was om hulle kos met Seekoei te deel nie.
- D bang was dat Seekoei hulle sou opeet. (1)

11. Waarom sal seekoeie volgens die storie, altyd met hul monde wawyd oop staan? Seekoei wil bewys dat hy ...

A nie vis eet nie.
B sy vel rek.
C in die water woon.
D sy mis oopsprei. (1)

12. Waarom was Seekoei se vel dunner as die ander diere s'n?

A Hy het daarvan gehou om elke dag in die warm son te bak.
B Soos hy gegroei het, het sy vel gerek en dunner geword.
C Hy was 'n groot en vriendelike, maar bekommerde dier.
D Hy het dit geniet om al die vis te eet wat hy kon kry. (1)

13. Verbind die volgende sinne deur die voegwoord tussen hakies te gebruik.

Seekoei wou in die water woon. Seekoei het geglo dat die water strelend sou wees. (omdat)

______________________________________________________________ (2)

______________________________________________________________

14. Gee 'n sinoniem vir die woord "gebars" (verwys na reël 14). (1)

____________________

15. Wat het Seekoei se pyn veroorsaak? Seekoei se pyn is veroorsaak deur die ...

A goedhartigheid van die Skepper.
B selfsugtigheid van die krokodil.
C blootstelling aan die warm son.
D tekort aan gesonde kos. (1)

16. Wat sou met Seekoei gebeur het indien hy nie toegelaat is om in die rivier te bly nie?

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

17. Wat moes Seekoei die ander diere belowe voordat hulle hom toestemming gegee het om in die rivier te bly?

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

18. Skryf die volgende sin in die teenwoordige tyd oor.
Seekoei het elke dag gely.

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (1)

19. Gee die meervoudsvorm van die woord “vis”.

________________ (1)

**Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord vrae 20-27.**

# Roei Rotte Uit Rotgif-poeier ...

***maak hulle dood!***

Uiters effektief

Aangename reuk

Geen skadelike chemikalieë

Bekostigbare prys



Spesiale aanbod: Twee vir die prys van een!

20. Watter produk word geadverteer?

A Dodelike Rottegif
B Skadelike chemikalieë
C Rottekos
D ’n Spesiale winskoop (1)

21. Hoe weet jy dat die produk effektief is deur na die prentjie te kyk.
Die rotte ...

A val die stad binne.
B vlug weg van die gif af.
C teken beswaar teen die produk aan.
D maak alles dood wat in hulle pad kom . (1)

22. Identifiseer die slagspreuk in die advertensie.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

23. Watter gevoel skep die advertensie by die leser?

_______________________________________________

_______________________________________________ (1)

24. Identifiseer die stylfiguur in “Roei Rotte Uit”.

(1)

_________________________

25. Watter aanbod word in die advertensie gemaak?

(1)

_______________________________________________

26. Noem **twee** groepe mense wat die produk sal aankoop.

_______________________________________________ (2)

_______________________________________________

27. Skryf **twee** frases uit die advertensie neer wat kopers sal oortuig om die produk te koop.

_______________________________________________

_______________________________________________ (2)

28. Lees die volgende leesstuk en skryf 'n opsomming.

- Som die leesstuk in **vyf** punte op en gebruik 45-55 woorde.
- Gebruik sover as moontlik jou eie woorde.
- Elke punt moet 'n volsin wees.
- Dui die aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Soogdiere**

Soogdiere is die grootste diere op ons planeet. Hulle kan hulle eie liggaamstemperatuur en bloedomloopstelsel reguleer. Soogdiere is bekend as warmbloedige diere wat dit moontlik maak vir hulle om in enige klimaat op aarde te kan oorleef. Al die vroulike soogdiere voed hulle kleintjies met melk, wat deur spesiale melkkliere uitgeskei word. Die vermoë om melk vir hul kleintjies te produseer om hulle daarmee te voed, gee aan hulle die geleentheid om meer tyd saam met hulle kleintjies te spandeer. Hulle kan dan vir die kleintjies belangrike oorlewingsvaardighede aanleer.

Daar is meer as 4 000 verskillende soorte soogdiere. Die kleinste soogdier is die hakneusvlermuis, terwyl die blouwalvis die grootste soogdier is. Die blouwalvis kan tot 30 meter lank word en tot 150 ton weeg. Of soogdiere op land of in die water woon, hulle deel almal dieselfde kenmerke: hulle het almal hare op hulle lywe en hulle is gewerweld (dit beteken hulle het 'n ruggraat of rugstring).

[Vertaal en aangepas uit *Wikipedia* ]

Opsoming

1. ______________________________________________________

______________________________________________________

2. ______________________________________________________

______________________________________________________

3. ______________________________________________________

______________________________________________________

4. ______________________________________________________

______________________________________________________

5. ______________________________________________________

______________________________________________________

( __________ woorde) (5)

**Lees die gedig en beantwoord vrae 29-35.**

# Talle Tonge

**deur Mathews Phosa**



Talle tonge het ek
een tong op ’n gegewe oomblik

’n heuningtong
’n bitter tong
’n tong stomp
genoeg om te swyg

my skerp tong klap
klap soos ’n sweep
en keep diep en laat bloei

my suur tong brand
brand soos asyn
en laat krimp inmekaar en skend

Talle tonge het ek
een tong op ’n gegewe oomblik
’n tong om te sny
’n tong om te salf
Ek het talle tonge

**Woordelys**

*Gegewe:* spesifieke (reël 2)

*Oomblik:* tydstip (reël 2)

*Swyg:* stilbly (reël 6)

*Skend:* beskadig, verniel (reël 12)

*Krimp:* kleiner word (reël 12)

29. Wat is die tema van die gedig?

Die gedig gaan oor ...

A die verskillende funksies van die tong.

B die invloed wat woorde op ander kan hê.

C ’n persoon wat baie skinder.

D ’n persoon wat sy tong verbrand het. (1)

30. Wat is die stemming van die gedig?

A Hartseer

B Humoristies

C Ernstig

D Neerdrukkend (1)

31. Verduidelik die skrywer se doel met hierdie gedig?

______________________________________________

______________________________________________ (2)

32. Identifiseer die beeldspraak in versreël 7.

________________________ (1)

33. Verduidelik die bogenoemde beeldspraak.

______________________________________________ (1)

34. Die woord “skerp” kan letterlik of figuurlik gebruik word. Verduidelik beide betekenisse

Letterlik:

______________________________________________

Figuurlik:

______________________________________________ (2)

35. Gebruik die digter al sy “tonge” tergelykertyd? Haal ’n sin uit die gedig aan om jou antwoord te bewys.

______________________________________________ (2)

**Bestudeer die onderstaande plakkaat en beantwoord vrae 36-42.**




36. Waaroor gaan die plakkaat?

A 'n Wedloop om die renoster in 2013 te red

B 'n Fondsinsameling vir die Renoster Weeshuis

C Die koste van kaartjies vir deelnemers

D 'n Uitnodiging om in Mokopane gholf te speel (1)

37. Identifiseer die teikengroep van die plakkaat.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

38. Watter organisasie sal voordeel trek uit die geleentheid?

________________________________________________________________ (1)

39. Beskryf die embleem op die plakkaat.

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

40. Hoe dink jy, sal die woord "weeshuis" die leser/kyker laat voel?

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

41. Watter invloed sal hierdie plakkaat op mense hê wat die renoster wil red?

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

42. Waarvoor staan die afkorting "e-pos"?

A elektriese pos
B elektroniese posisie
C elektroniese poseël
D elektroniese pos (1)

43. Kies die onderstaande onderwerp (43.1) of die prentjie (43.2) en skryf 'n verhalende opstel van 120-150 woorde (3-4 paragrawe)

**Neem die volgende punte in ag wanneer jy jou opstel beplan:**

- Gee jou opstel 'n gepaste titel.
- Beplan en skryf jou opstel in die ruimtes wat voorsien is.
- As jy die prentjie kies, moet daar 'n duidelike verband tussen jou opstel en die prentjie wees.

43.1 **Onderwerpe:**

Eendag, gedurende pouse, kom jy en 'n maat op 'n versteekte houtkissie onder blare af. Die kissie het 'n slot en is baie oud. Skryf 'n storie oor wat volgende gebeur.

**OF**

43.2



**BEPLANNING**

**FINALE OPSTEL**

**(20)**

| | **Kriteria** | **Leerder se punt** | **Moontlike totaal** |
|---|---|---|---|
| 1. | Inhoud & beplanning | | **10** |
| 2. | Taal, styl en redigering | | **5** |
| 3. | Struktuur | | **5** |
| | Totaal | | **20** |

**GROOTTOTAAL: 80**